



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION



**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**JUNIE 2022**

**GESKIEDENIS V2  
ADDENDUM**

---

Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.

---

**VRAAG 1: HOE HET DIE STIGTING VAN DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF)  
'N IMPAK OP DIE APARTHEIDSREGIME IN DIE 1980's GEHAD?**

**BRON 1A**

Hierdie bron is 'n uittreksel uit die toespraak gemaak deur Allan Boesak by die stigting van die United Democratic Front (UDF) in Mitchellsplein, Kaapstad in 1983.

'Laat ek julle herinner aan die drie klein woordjies. Die eerste is 'alles'. Ons soek al ons regte, nie net 'n paar leë aalmoese wat die regering dink is goed genoeg om te gee nie ... En ons wil laat al Suid-Afrika se mense moet menseregte geniet, nie net 'n paar uitgesoektes nie, nie net Kleurlinge en Indiërs nie.


Die tweede is die woord 'hier'. Ons soek al ons regte hier in 'n verenigde, onverdeelde Suid-Afrika. Ons wil dit nie in verarmde tuislande hê nie, ons wil dit nie in ons aparte woongebiede hê nie.

Die derde woord is die woord 'nou'. Ons soek al ons regte, ons soek dit hier en ons soek dit nou. Ons het te lank gewag. Ons het te lank gesukkel. Ons het te lank gesmeek, gehuil, gepetisioneer. Ons was vir te lank gevange geneem, verban, doodgemaak. Nou is die tyd!

[Uit *South Africa since 1948* deur C. Cupin]

**BRON 1B**

Die bron toon die verskillende organisasies wat by die United Democratic Front (UDF) geaffilieer was.



[Uit [www.ancarchives.co.za](http://www.ancarchives.co.za). Toegang op 14 Februarie 2022 verkry.]

**UDF VERENIG – APARTHEID VERDEEL**

**VOORWAARTS NA  
MAG VIR DIE MENSE**

**BRON 1C**

Die bron hieronder beklemtoon die aktiwiteite wat die United Democratic Front (UDF) aangepak het om die regering se apartheidsbeleid in die 1980's uit te daag.

Die United Democratic Front (UDF's) se teenstand teen apartheid is gemanifesteer (duidelik gemaak) in 'n aantal aksies. Kort na sy stigting, het dit 'n suksesvolle boikot-aksie geloods teen die verkiesing van die (Kleurling) Huis van Verteenwoordigers en (Indiër) Huis van Afgevaardigdes. Die UDF was betrokke in die organisering van 'n aantal verbruikersboikotte en wegbly-aksies. In 1983 en 1984, het dit die 'een miljoen handtekeninge'-veldtog geloods, waar handtekeninge gevra was om hul mening te lug oor teenkanting oor die sogenaamde Koornhof-wetgewing op swart plaaslike regering, sowel as vir die nuwe konstitusie (grondwet).

Nietemin, die UDF se grootste uitwerking was op grondvlak waar dit plaaslike strukture geskep het wat 'n sleutelrol in die politieke opvoeding en mobilisering van die massas gespeel het. By sy tweede nasionale kongres, wat in April 1985 gehou was daar besluit om massa ondersteuning in aktiewe deelname te verander, onder die tema 'Van Protes na Uitdaging': Van Mobilisasie tot Organisasie'. Vier maande later was hierdie tema uitgebrei om 'n nuwe slagspreuk in te sluit, 'Voorwaarts na Mense se Mag'. Die UDF se strategie was om besluitnemingstrukture wat deur die regering geskep was met 'n stelsel van 'mense se mag' te vervang. Dit was gelykstaande aan die oprigting (instelling) van 'liberale (nie-rassistiese) gebiede' in Suid-Afrika.

Die staat het hierdie bedreiging probeer afskud deur die algemene onrus in die land te onderdruk, wat 'n hoogtepunt in 1985 bereik het, deur 'n reeks noodtoestande af te kondig. 'n Groot aantal mense was gearrester in terme van sekuriteitswetgewing. Die UDF, in die besonder, was sleg geaffekteer. Verskeie sleutellede in die organisasie was vermoor, insluitende Matthew Goniwe (UDF-organiseerder in die Oos-Kaap) en Victoria Mxenge (UDF-tesourier in Natal). Byna die hele leierskapskorps van die UDF was ingeperk (om nie vryelik rond te kan reis of te beweeg) in die tydperk 1985 tot 1987.

[Uit <https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv02424/04lv02730/05lv03188/06lv03222.htm>. Toegang op 22 Januarie 2022 verkry.]

**BRON 1D**

Die uittreksel hieronder fokus op die regering se reaksie in die onderdrukking van die leierskap van die UDF.

Soos die UDF gegroei het, het die apartheidsregime elke metode tot sy beskikking en elke wapen in sy arsenaal (plek waar wapens gestoor word) probeer om die verspreiding van populêre weerstand te stop. By tye was hierdie metodes 'wettig', gevolg deur prosedures neergelê in die wette deur die regering geproklameer (afgekondig). Ander metodes was dade van oorlog teen die bevolking – dit het sluipmoorde, bomme te plant en terrorisme in die bitterste sin van die woord ingesluit.

Sommige van die eerste maatreëls wat die staat probeer het om die UDF te onderdruk was om sy leiers tronk toe te stuur – aanhouding sonder verhoor, en verhoor vir politieke misdade.

In Augustus 1984, gedurende die UDF se hoogs suksesvolle boikotte van die Driekamerparlementverkiezings het die regering 18 van die boikot-leiers gearresteer. In Natal het hulle die UDF se nasionale president, Archie Gumede (wat 78 jaar oud was) gearresteer; die UDF se nasionale tesourier Mewa Ramgobin, wat ook publisiteitsekretaresse van die Natal Indiër Kongres (NIC) was; president van die NIC, George Sewpersadh; NIC vise-president MJ Naidoo; vakbondleier en NIC lid Billy Nair; algemene sekretaris van die South African Allied Workers' Union, Sam Kikine en die nasionale voorsitter van die African People's Democratic Union of South Africa, Kadir Hassim.

Op die 13<sup>de</sup> September 1984, het ses van die leiers wat weggekrui het – Archie Gumede, Mewa Ramgobin, MJ Naidoo, Billy Nair, George Sewpersadh en Paul David – skuiling gaan soek in die Britse konsulaat in Durban. Hulle het doelbewus na die Britse konsulaat gegaan om uit te lig – en teen dit te protesteer – teen die Britse regering se ondersteuning vir die Botha-regime.

[Uit [https://www.saha.org.za/udf/repressing\\_the\\_leadership.htm](https://www.saha.org.za/udf/repressing_the_leadership.htm). Toegang op 23 Januarie 2022 verkry.]

**VRAAG 2: HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) IN DIE HANTERING VAN MLUNGISI GRIFFITHS MXENGE SE DOOD?****BRON 2A**

Die volgende uittreksel fokus op die sluipmoord van die anti-apartheid aktivis en prokureur, Griffiths Mxenge, op 20 November 1981.

Op 20 November 1981, was Griffiths Mxenge dood in 'n fietsry-stadium by Umlazi aangetref. Drie Vlakplaas-operatiewe genaamd, opperbevelvoerder Dirk Coetzee en 'askaries' (spioene/uitverkopers) Almond Nofemela en David Tshikilange was aangekla en veroordeel vir die moord. Coetzee, Nofemela en Tshikilange het om amnestie vir die moord op Mxenge aansoek gedoen. Nofemela het aan die Kommissie vertel dat die drie mans vir Mxenge onderskep (gevang) het op pad huis toe vanaf sy werk op die aand van 20 November 1981. Hulle het hom uit sy motor gesleep en hom na die nabygeleë Umlazi-stadium gevat waar hulle hom aanhoudend geslaan en gesteek het. Nofemela het aan die Kommissie vertel dat Mxenge verwoes teenstand teen sy aanvallers gebied het tot hy teen sy kop met 'n skroefhamer geslaan was. Hy het op die grond geval, en die stekery het aangehou tot hy dood was ... Hulle het toe sy motor, beursie en ander besittings gevat om dit na 'n rooftog te laat lyk. Mxenge se voertuig was later gevind, uitgebrand en verlate, naby die Golela-grenspos tussen Suid-Afrika en Swaziland. Op 15 Mei 1997, was Coetzee, Nofemela en Tshikilange skuldig bevind vir die moord op Mxenge. Op versoek van die Kommissie se Amnestiekomitee, was vonnisoplegging uitgestel tot die Komitee 'n uitspraak op al die aansoeke bereik het ...

[Uit [www.justice.gov.za/trc/report/](http://www.justice.gov.za/trc/report/). Toegang op 28 Januarie 2022 verkry.]

**BRON 2B**

Die volgende verklaring was deur die Amnestiekomitee van die WVK uitgereik. Dit fokus op die redes vir toestaan van amnestie aan Dirk Coetzee, Almond Nofemela en David Tshikilange vir die moord op Griffiths Mxenge.

Die Amnestiekomitee van die Waarheids-en-Versoeningskommissie het vandag amnestie aan Dirk Coetzee, David Tshikilange en Butana Almond Nofemela respektiewelik vir die moord op die Durbanse prokureur, mnr. Griffiths Mxenge, in November 1981 toegestaan. Die Komitee het gesê dat terwyl 'daar mag twyfel is' oor die identiteit van dié wat Coetzee opdrag gegee het of geadviseer het om mnr. Mxenge dood te maak, daar geen twyfel was dat Coetzee gehandel het op 'die advies, bevel of opdrag van een van die meer senior lede van die Sekuriteitstak' van die Suid-Afrikaanse polisie nie.

Die Komitee het op rekord geplaas sy 'sterk afkeur' van die aanvoering van die polisie in 'reëling van die teregstelling van 'n prokureur wat niks meer as sy plig gedoen het deur genoegsame verteenwoordiging te voorsien aan persone wat kriminele aanklagte in die gesig gestaar het nie'. In sy bevindings, het die Komitee gesê: 'Op die bewyse voor ons is ons tevrede dat nie een van die aansoekers die vermoorde, Mxenge, geken het nie of dat hulle enige rede gehad het om sy dood te veroorsaak nie voordat hulle nie die opdrag om dit te doen, ontvang het nie. Ons is tevrede dat hulle dit wat hulle gedoen het, gedoen het omdat hulle dit as hul plig as polisiemanne beskou het wat betrokke was in die stryd teen die ANC en ander vryheidsbewegings.

Dit is, dink ons, duidelik dat hulle op hul seniors/bevelvoerders staatgemaak het om akkuraat en regverdig die vraag te oorweeg as was dit nodig om die moord te las of kon ander stappe geneem word ...' Die drie amnestie-aansoekers was veroordeel (skuldig bevind) vir Mxenge se moord gedurende 'n verhoor in Durban nadat hul amnestie-aansoek aangehoor was. As 'n gevolg van die toestaan van amnestie, sal dit nie nodig wees vir die hofspraak om voort te gaan met die vraag van vonnisoplegging nie.

[Uit [www.info.gov.za/speeches/1997/08050w13297.html](http://www.info.gov.za/speeches/1997/08050w13297.html). Toegang op 28 Januarie 2022 verkry.]

## BRON 2C

Hierdie spotprent beeld aartsbiskop Desmond Tutu en dr. Alex Boraine uit waar hulle die berg genaamd BEWYSE uitklim. Hulle was die taak opgelê om die politieke gewelddade wat gepleeg was tussen 1960 en 1994 te ondersoek.



[Vertaal en aangepas uit *Sowetan*, Mei 1996. Toegang op 3 Januarie 2022 verkry.]

**BRON 2D**

Die volgende verslag deur die Suid Afrikaanse Pers-Assosiasie (SAPA) skets die redes vir die Mxenge-familie se teenstand teen die proses van amnestie.

DURBAN, 5 November 1996 — SAPA, MXENGE-FAMILIE BIED TEENSTAND TEEN COETZEE SE AMNESTIE-AANSOEK Die familie van die vermoorde menseregte-prokureur, Griffiths Mxenge, het op Dinsdag gesê dat die toestaan van amnestie aan voormalige polisieman Dirk Coetzee, wat erken het dat opdrag vir Mxenge se moord gegee was, 'n bespotting van geregtigheid sal wees ... Mxenge se broer, Mhleli, 54, het gesê dat Coetzee en sy medebeskuldigdes nie voldoen het aan die kriteria om amnestie te ontvang soos vervat in die Bevordering van Nasionale Versoeningswet nie. Mxenge het die verhoor gekritiseer deur te sê: 'Wat ons omkrap is die inmenging met die normale gang van die gereg. Ons het hard geveg om Coetzee aangekla te kry. Nou kom hierdie mense op met hierdie ... amnestie-verhoor'. In reaksie op Coetzee se verklaring dat hy in daardie tyd onder opdrag gehandel het, het Mxenge gesê: 'Daar is geen bewyse dat die doodmaak van politieke opponente (teenstanders) binne die gang en raamwerk val van hul pligte as lede van die sekuriteitspolisie nie. Ek is, daarom, heeltemal gekant teen die toestaan van amnestie aan Dirk Coetzee, Tshikilange en Almond Nofemela omdat dit 'n bespotting van die gereg is ...'

[Uit [www.justice.gov.za/trc/media/1996/9611/s961105h.html](http://www.justice.gov.za/trc/media/1996/9611/s961105h.html). Toegang op 28 Januarie 2022 verkry.]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander geskiedkundige bewyse was geneem uit die volgende:

<https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv02424/04lv02730/05lv03188/06lv03222.htm>

[https://www.saha.org.za/udf/repressing\\_the\\_leadership.htm](https://www.saha.org.za/udf/repressing_the_leadership.htm)

[www.ancarchives.co.za](http://www.ancarchives.co.za).

[www.justice.gov.za/trc/report/](http://www.justice.gov.za/trc/report/)

[www.info.gov.za/speeches/1997/08050w13297.html](http://www.info.gov.za/speeches/1997/08050w13297.html)

[www.justice.gov.za/trc/media/1996/9611/s961105h.html](http://www.justice.gov.za/trc/media/1996/9611/s961105h.html).

*South Africa since 1948* by C. Cupin, 2000, Londen

*Sowetan*, 1 Mei 1996